

Finansiële voordele van die Ile de France

Artikel verskaf deur Ile de France Skaaptelersgenootskap van Suid-Afrika

Die Ile de France-skaapas het die afgelope jare indrukwekkende amptelike resultate behaal sonder noodwendige erkenning daarvoor. Parameters uit vroeër jare se navorsingsdokumente blyk baie verouderd te wees wanneer dit vergelyk word met die ras se meer onlangse prestasies ten opsigte van verskillende waardevolle ekonomiese eienskappe vir doeltreffende vleisproduksie.

Die Ile de France met sy uitstekende basterkrag (heterose), kan 'n uiters waardevolle rol speel as 'n terminale vaar. Hy kan hierdie belangrike ekonomiese eienskappe aan sy nageslag oordra en sodoende vir doeltreffende lamproduksie sorg.

Toetsing toon uitstekende resultate

Om dié punt te staaf, het 'n groep Suid-Afrikaanse produsente die verpligte prestasietoetsing van die Ile de France (IDF)-ras by die Landbounavorsingsraad (LNR) se Nasionale Dierreproduksie-instituut ondergaan. Hulle het amptelike Fase D-toetsing van jong ramme ná speen gedoen deur die gemiddelde daaglikse toename (GDT) en voeromsetverhouding (VOV) te meet.



Lammers van verskillende produsente is ná speen vir 14 dae op 'n onderhoudsvoerplan geplaas – almal op dieselfde plek en onder soortgelyke toestande. Hulle het daarna *ad lib* 'n kommersiële voer vir 60 dae ontvang. Die ouer navorsing het sleg afgesteek teenoor die resultate wat behaal is.

Die volgende amptelike resultate is met die prestasietoetsing behaal:

- Gemiddelde begingewig: 37,4kg.
- Gemiddelde eindgewig: 71,8kg.
- GDT: 563,8g per dag.
- Hoogste GDT: 704g per dag.
- Laagste GDT: 453mg per dag.
- Gemiddelde VOV: 4,15:1.

Tabel 1: Voeromsetverhouding (VOV).

Ouderdom (dae)	Liggaamsgewig (kg)	VOV
0-42	4-15	1:1
42-60	15-20	3:1
60-80	20-25	3,5:1
80-100	25-30	4:1
100-120	30-35	4,5:1
120-140	35-40	5:1
140-160	40-45	5,5:1

Die geregistreerde resultate soos vervat in *Tabel 1*, bewys die IDF-teorie. Die lammers wat getoets is, was ten minste 160 dae oud en 'n gemiddelde VOV van 4,15:1 is behaal. Normaalweg word die beste VOV teen sowat 30kg behaal.

Indien na 'n slaggewig van 48kg gemik is, sou die lammers teen die ouderdom van 100 tot 110 dae (teen 'n gemiddelde GDT van 550g per dag) en 'n VOV van laer as 4:1 bemark word.

Gemiddelde daaglikse toename (GDT)

Oor die algemeen is 'n lewendige gewig van 20 tot 25kg op 60 tot 80 dae aangeteken, maar die IDF produseer voortdurend lammers



wat op hierdie ouderdom 25 tot 30kg weeg.

Die volgende gewigte is aangeteken:

- 30 dae: 24kg.
- 42 dae: 28kg.
- 60 dae: 35kg.
- 100 dae: 58kg.

'n Gekombineerde gewig van 85kg vir tweeling wat 100 dae oud is, is ook aangeteken om die uitstekende groei van IDF-lammers verder te verbeter.

Melkproduksie en moederskapvermoë

Aangetekende syfers van 24kg en 28kg op onderskeidelik 30 en 42 dae is 'n duidelike aanduiding van die ooi se melkopbrengs. Dit beklemtoon die belangrike rol wat die IDF in lamproduksie kan speel met F1-kruisings, waar die ooi se hoogste melkopbrengs voorkom tussen 30 en 42 dae nadat hulle gelam het.

Van moeder tot slagter

'n Kommersiële IDF-producent bevestig dat al sy lammers op die ouderdom van drie tot vier maande vanaf hul moeders en vanaf die veld, met geen addisionele





voeding nie, verkoop is. Hierdie lammers is op 38 tot 40kg geslag en het 'n uitslagpersentasie van 52% behaal. Indien kruipvoeding vir die lammers uitgesit is voordat hulle gespeen is, kon dié resultate beter gewees het met 'n verskil van sowat 7kg.

Goeie uitslagpersentasie

'n Karkas het 'n uitslagpersentasie van 59% in die nasionale karkaskompetisie behaal, wat na bewering 'n wêreldrekord was. Die lewendige gewig was 46,5kg en die slaggewig 27,4kg – met 'n goeie A2-gradering.

Die gemiddelde uitslagpersentasie van die 120 lammers wat in die kompetisie geslag is, was 53,4%. F1-kruisings het teen 50% uitgeslag.

Ander belangrike IDF-eienskappe

- Die IDF is 'n bewese wetenskaplike ras, wat sover terug as 1920 in Frankryk geregistreer is.
- Die ras is 'n nie-seisoenale teler.
- Die ras word geteel om by alle omstandighede aan te pas. Die Franse het oorie met groot sukses na meer as 30 lande wêreldwyd uitgevoer. Suid-Afrikaanse produsente boer landswyd kommersieel met die ras, maar veral in die Karoo en Namibië.
- IDF-skape produseer wol van 'n aanvaarbare gehalte en dit maak 20% van die ras se gewenste eienskappe uit.
- Die ras is bekend vir sy vermoë om meerlinge en lammers teen 'n hoë speenpersentasie te produseer. Dis alombekend dat die IDF 'n gemiddelde lampersentasie van meer as 180% en 'n speenpersentasie van meer as 150% behaal. Die ras se hoë vrugbaarheid stel oorie in staat om minstens elke agt maande te lam. Twee oorie van 'n bekende teler het 23 lammers in sewe jaar geproduseer, wat beteken dat hulle elf keer gelam het, en nog 'n oorie het 23 lammers in agt jaar geproduseer, wat beteken dat sy twaalf keer gelam het. Die

hoë speenpersentasie bewys ook dat die geboortewigte nie buitensporig is nie en dat geboorteprobleme minimaal is.

Hoë-gehalte karkasse

Nasionale slagkompetisies het oor die jare bewys dat die IDF 'n hoë-gehalte karkas produseer, met eweredige vetverspreiding, 'n hoë persentasie goeie snitte en uitstekende spierdefinisie.

Die IDF is sover bekend die enigste ras wat 100 in die nasionale karkaskompetisie van 1992 behaal het. Dit is 'n besondere prestasie, met punte van 99,75, 99,36 en 99,37 wat ook behaal is.

Al die IDF-karkasse wat in 2007 aan die karkaskompetisie by die Royal Skou deelgeneem het, is vir 'n merkwaardige R3 000/kg verkoop. In 2015 is 'n lam vir R1 100/kg verkoop en in 2017 is nog 'n lam vir R1 350/kg verkoop. Dié spesifieke lam was 3,5 maande oud en is vanaf sy moeder geslag, met 'n lewendige gewig van 45,6kg en 'n slaggewig van 23,3kg – 'n uitslagpersentasie van 51%.

Belangrikheid van vleisgehalte

Vleisgehalte is waarskynlik die belangrikste kenmerk van die IDF-ras. Die vleis

Tabel 2: Die oorerflikheid van die verskillende eienskappe.

Eienskap	Oorerflikheids-persentasie
Geboortegewig	21-25
42 dae gewig	15
60 dae gewig	32-40
100 dae gewig	39-44
120 dae gewig	45
180 dae gewig	44-53
12 maande gewig	39
18 maande gewig	50-60
Aantal lammers gebore	13
Daaglikse toename na speen	71
Voeromsetverhouding	15
Liggaamstipe	12
Vetdikte oor lende	20
Oogspierarea	48
Marmering	30
Sagtheid	33
Persentasie vet	39
Persentasie maer snitte	37



het marmering en is baie sag, met min buitevet. Die oogspier is ook groot, wat dit 'n smaakvolle en uitstaande eetervaring maak.

Marmering verwys na die klein stukkie vet wat tussen die spierweefsel gevind kan word. Dié spesiale vet het 'n lae smeltpunt van 18 tot 20°C. Dit beteken dat die vet letterlik in die vleis wegsmelt, wat sorg vir 'n besonder ryk en sappige smaak met die sensasie van vleis wat in die mond smelt. Die verhouding van mono-onversadigde vette teenoor versadigde vette is hoër as by die meeste ander rasse. Dit maak die vleis gesonder, omdat dit 'n hoë konsentrasie van essensiële vetsure en 'n hoë persentasie goeie cholesterol bevat in vergelyking met ander skaaprasse.

Rol van heterose

Heterose beteken die verbetering van 'n karaktertrek deur kruisteling. Karaktertrekke met die laagste oorerflikheid produseer gewoonlik die hoogste heterose. 'n Speenpersentasie wat 15% hoër is (laer mortaliteit vanaf geboorte tot by speen), lei byvoorbeeld tot 'n beter VOV en 10% beter vrugbaarheid.

Dis opmerklik dat die 42 dae gewig en/of die aantal lammers wat gebore is, die laagste oorerflikheidseienskappe het. Dit beteken dat fenotipiese faktore hierdie syfers kan beïnvloed. Die oorie se voeding speel egter waarskynlik die grootste rol in die bepaling van hierdie persentasies – veral spoeling ('flushing'), wat beteken dat die oorie gevoer word om vanaf drie tot vier weke voor paring tot 13 dae na paring gewig aan te sit. Dié praktyk sal die lampersentasie met meer as 20% verbeter. **VP**

Vir meer inligting, skakel June Wiid van die Ile de France Skaaptelersgenootskap van Suid-Afrika by 051 410 0953 of stuur 'n epos aan idf@studbook.co.za.